

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Daniël 12 vers 3 "Die verstandige leier sal skitter met die glans van die hemel self, en die wat baie mense op die regte pad gelei het, sal vir altyd skitter soos sterre."

Kortpad Deurdankoffer vir Christelike Polisievereniging

- 19 Mei 08h30 Eietydse diens & Kleuterkerk
- 19 Mei 09h45 - 12h00 Kategese uitreik vir die Hoërskool
- 19 Mei 10h00 Klassieke diens
- 20 Mei Gebedskild in die gebedskamer
- 22 Mei Kerkraadsvergadering
- 24 Mei Mannebyeenkoms by Elandre Bosch, Lilylaan 68

Nog belangrike datums

Kommunikamma 19 Mei 2019

Saam op pad vir Christus

Preke: Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

There4-Bedieninge: Gebedsversoek vir Ramadan

Dis die eerste week van Ramadan (die maand wat Moslems vas en hulle toewy aan hulle god). 1.8 Biljoen Moslems lewe sonder 'n verhouding met Jesus Christus as Verlosser. Bid dat die Here in hierdie tyd van hulle vas en gebed, Homself aan hulle sal openbaar. Die Ramadan duur van 5 Mei tot 4 Junie. Kom ons staan vas in gebed in hierdie tydperk van hulle vas.

Sake vir gebed

Ons bid vandag spesiaal vir al die gemeentede wat siek is.

Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

Padlans Dit gaan nie oor gebed se krag nie, maar oor God S'n

"Kragtige gebede" kan gou-gou 'n selfsugtige roete word, want resultate is dan al wat saak maak. Net so min as wat enige liefdevolle verhouding tussen ouers en kinders uitkoms-aangedrewe is, net so min is gebed primêr gerig op uitkomst en antwoorde. Dan verskraal ons God tot 'n Antwoordverskaffer. Of tot die Een wat gedurig moet regstaan om ons gebede te verhoor sodat ons vir almal kan vertel van die "krag" van gebed. Dit gaan nie oor gebed se krag nie

Padkos Ongeskikte eerlikheid is uit

“Verskoon my, maar ek is reguit,” sê iemand vir ’n vriend van my. “Nee, nie heeltemal nie,” antwoord hy dadelik, “want dan sou jy jouself nie vooraf verskoon het nie.” In elk geval, in die naam van reguit-wees matig party mense hulleself die reg aan om te sê net wat hulle wil. En ook hoe hulle wil, want hulle is mos eerlik. Tog is dit nie wys om te sê wat jy wil wanneer jy wil nie - nie vir die Here nie! Hy verwag van ons om ’n permanente wag voor ons mond te sit, ’n hemelse een. Dit leer Psalm 141 my. Spreuke 13 vers 3 en 21 vers 23 sê juis om ons mond te hou is om ons siel te bewaar en om ons lewe te red. Ons moet goed dink voordat ons praat. Ons moet ons woorde met oorleg kies. Ons het nie ’n lisensie tot “ongetemde vryheid van spraak” nie. Ja, ons mag eerlik wees. Ons moet ook, maar nie ongeskik-eerlik of liefdeloos reguit nie. Dan dien ons net onself. Dan wil ons onself te alle koste laat geld. Sulke eerlikheid staan die Here niks aan nie. Ander mense ook nie

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

***ku*bergroete tot volgende keer**

[2019-05-19]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.

www.getsnapscan.com